

Inhoud Hierdie preek wys wat die is mag van die Bose, die duiwel, volgens Openbaring 13. Die mag van die Bose is die dierlikheid van die mens. Die dierlikheid is die brutale geweld waarmee die goddelose ander mense verniel, verskeur en verslind om hulle aan hul sondige drifte te onderwerp. Die mag vir hierdie brutale geweld is die gesagsinstellings van die gemeenskap en die gesagsposisies van hierdie gesagsinstellings van die gemeenskap. Goddeloses neem hierdie posisies in en maak dit die wyse waarop hulle mense verniel, verskeur en verslind deur en vir hul sondige drifte. Christus is die Here wat hierdie instellings en posisies skep en laat werk as God, maar die Bose hou dit voor as magte wat hy gee om sondigheid as lewenswyse in die openbare gemeenskap mee kan afdwing. Gelowiges glo nie in hierdie magte nie, maar bly toegewyd aan die Here wat hierdie gesag en ampte skep en bestuur. Hulle verduur hierdie geweld omdat hulle met die werklikheid van die lewe besig is saam met die Here.

Liturgie Lied 457: 1,2,3. Dank vir reën. evangelielezing Heb.2: 10-18; 2. Lied 245 wetslesing: Matt. 22: 34 – 40. 4. Lied 308: 1,2,4,5. 4. Lied 292: 1,2.

Skriflesing Daniël 7: verse 3,8,9,21,22,27; Openbaring 13: 1- 11; 21: 10-13; Matteus 4: 1 -11;

Teks Openbaring 21: 13: “Ek is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde.” en 8: 8 “Al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die skepping van die wêreld af geskrywe staan in die boek van die lewe, die boek van die Lam wat geslag is nie.

Tema Christus is ons Begin en Einde, ons Eerste en Laaste, geen mens nie!

1. Openbaring 13 is 'n beskrywing van die mag van die duiwel. Sy mag is boosheid.

Die mag van boosheid is nie soos geestelikes dit fantaseer en voorhou as die mag van dolosse, Boeddha-beeltjies en toorgoed nie. Dit sien ons in die versoeking van Christus. Die duiwel se diepste versoeking is om aan Christus mag oor al die koninkryke van die wêreld te gee in ruil vir aanbidding van die Bose.

Die mag van die Bose is nie magie, dit is die krag van towery nie. Dit is sommer net nonsens. Boosheid is mag van mense om met geweld ander mense aan hulle sondige drifte te onderwerp en te misbruik.

Dit is die werklik mag van werklike boosheid: om mense aan sonde te onderwerp.

2. In hoofstuk 13 van Openbaring word hierdie mag van die bese, boosheid, beskryf. Johannes is nie hier besig om 'n droom te droom of 'n visioen in ekstase te beleef nie. Hy is besig om die Woord van God uit Daniël 7 te preek.

Christus is ons Begin en Einde, ons Eerste en Laaste, geen mens nie

Daarom kom feitlik elke beeld wat Johannes in Openbaring 13 gebruik om die mag van boosheid te beskryf, uit Daniël hoofstuk 7.

- Die beeld van wêreld se magtige ryke as diere, die leeu, beer en luiperd.
- Koppe en Horings as 'n simbool vir konings.
- Die laster van hierdie goddelose konings teen God.
- Die oorlog wat hierdie goddelose konings teen die heiliges van God voer.
- Die Lam wat geslag is, is die Een wat op die troon van oordeel sit.
- Die Een wat op die troon sit is die Een wat toelaat dat hierdie boosheid sy heiliges in die tronk sit en doodmaak.

Met hierdie beelde word die mag en werking van werklike boosheid beskryf.

3. Boosheid is menslike dierlikheid!

Dit sien ons in die beeld van dierlikheid wat Johannes hier beskryf: 'n mens wat soos 'n luiperd lyk, wie pote het soos 'n beer en 'n bek het soos 'n leeu.’’

Met hierdie verskillende dierebeelde word een en dieselfde mag uitgebeeld: die mag van 'n mens om ander mense met brute mag te verskeur, te verniel en te verslind om aan hulle sonde ondergeskik te wees. Ons moet die verskil raaksien tussen die diere voor die troon van die Here in hoofstuk 5 wat ons reeds behandel het en hierdie skrikbeeld van dierlikheid.

Die diere om die troon van die Here is die natuur met al die werklik diere wat God gemaak het. Die werklike natuur met werklike diere, plante, voëls en insekte verheerlik God. Sy heerlikheid as Skepper wys in elke deel van die natuur. Die werklike natuur is nie skrikwekkend vir mense nie. Dit is deel van die seëninge van God. Dit het ons gister weer in die reën ervaar.

In Openbaring 13 gaan dit nie om werklike diere nie. Werklike diere is 'n getuienis van God se heerlikheid. Hier gaan dit om mense wat hulself met die brute krag van dierlikheid bekleed. Die brute krag van mense om mense te verniel, te verskeur en te verslind.

4. Hierdie diere kom op uit die see!

In die Ou Testament is die see is die simbool chaos en onheil. Daarom is dit simbool van die mens se sondige natuur en sy sondige drif. Daarom word dit ook in die boek Openbaring gestel dat met Christus se wederkoms die see sal verdwyn. Dit beteken die mens se sondige aard en drifte sal nie meer deel van die nuwe skepping wees nie.

Christus is ons Begin en Einde, ons Eerste en Laaste, geen mens nie

Die see verwys nie net na een mens se sondige drif en begeertes nie maar die mens se kollektiewe sondige drif en begeertes. Uit die mensdom se kollektiewe sondige drif verrys die mens se brute mag om te verniel, te verskeur en te verslind.

Dit is die gemeenskaplike natuur van volkere, die begeerte van nasies, die drif van stamme en die neiging van tale as 'n geheel waaruit hierdie brute mag opstaan. In Openbaring 21 word hierdie sondige drif beskryf as die losbandiges, moordenaars, onsedelikes, bedrieërs, afgodsdienaars en leuenaars. Dit is egter die Woord van die Here se beskrywing van hierdie drif.

Hulle wat hierdie drif en neigings uitleef doen dit egter as hul reg en goeie geaardheid: hulle losbandigheid glo en leef hulle uit as hul vryheid; hul moordlus leef hulle uit as geregtigheid; hul onsedelikheid leef hulle uit as liefde; hul bedrog as waarheid; hul afgodsdienste as elkeen se reg om God te aanbid soos hy goeddink en hul leuenagtigheid as vernuftigheid.

Dit is uit die wil om sonde as die gewone openlike lewe te leef, dat brute dierlike mag opstaan. Dit is deur geweld dat die mens sy dierlikheid as sy ware menslikheid kan uitleef.

5. Die dier het horings met heerserskrone en koppe met godslasterlike name op!

Die boosheid en die mag van boosheid soos dit hier beskryf word, is nie een of ander bese geestelike wese binne in mense nie. Dit is ook nie misterieuse geheimsinne onbekende figure in geheime plekke nie. Die duiwel bied Christus nie die mag van bese geeste of geheime plekke as magsetels aan nie. Hy bied die Here die koninkryk van die wêreld aan.

Die horings is die openbare gesag en wettige owerheid. Die gesag van ouers, onderwysers, sakemanne, regters en die regering. Die krone wys op die wettige amptposisie om hierdie gesag te mag beklee en uit te voer.

Dit is hierdie openbare instellings en wettige openbare posisies wat die mag van boosheid word.

Dit gebeur deur die koppe met godslasterlike name op. Die koppe is in die boek Openbaring die keisers van die Romeinse Ryk, maar dui op al die persone in openbare instellings wat gesagsposisies beklee. Die godslasterlike name is die titels wat Romeinse keisers vir hulle self mee amptelik en openbaar laat benoem het as amptstitels: heer, redder, seun van god, ons heer en god. In ons taal het die parlement hierdie titels aan die keiser gegee om so erken en aangespreek te word.

Mense wat hul self goddelike mag en eer toeëien in die openbare posisies met die openbare gesag van daardie posisies. Dit is die mag van boosheid.

Christus is ons Begin en Einde, ons Eerste en Laaste, geen mens nie

6. Goddelike menslike mag! Die is die mag van boosheid.

Daarom wil hierdie goddelike menslik mag in alles soos die Here Jesus Christus self wees. Hulle wil soos Jesus Christus onsterflik wees. Hierdie menslike strewe na onsterflikheid deur brute mag word uitgebeeld deur een van die koppe wat 'n dodelik wond het, maar van sy dodelike wond genees. Net soos Jesus onsterflik geword het deur as mens uit die dood op te staan, is die mag van boosheid om deur brute dierlike mag jou self onsterflik te maak.

Net soos God onvergelykbaar is met enige mag op hemel en op aarde, word hierdie brute dierlike mag van mense gesien as die mag wat soos God se mag onvergelykbaar met alles is, ook God se mag moet terug staan vir hierdie brute dierlike mag van mense.

Net soos alle mense voor Christus sal kniel om sy mag as Here en God te erken, net so kniel mense voor hierdie brute mag en aanbid en vereer mense wat hierdie brute mag uitoefen.

Die diepste misgissing van hierdie drif na brute mag, is om dit voor te hou as die oorheersing van 'n magtige gevoellose diktator oor arme menses wat vry van hierdie mag wil leef. U kan maar net weer dink aan Zimbabwe. Die brute mag waarmee Mugabe mense verslind het, was die drif van elke mens van sy mag verheerlik het. Dit is die drif van 'n volk, 'n nasie en stam wat 'n leier voortbring wat pas by hul magslus.

Daarom wys die Woord van die Here dat die mense hierdie mag wil hê en skep deur hulle aanbidding en verering van hierdie brute mag. Die leier wat die kroon dra kom uit die see van hul sondige drif op. Hy kom as hul bevryder wat hul vry maak om hul sondige drif as openbare krag uit te leef, nie as hul onderdrukker nie.

Die leiers van en in boosheid is die leiers wat mense wil hê.

7. Goddelike laster van God is die versugting na goddelikheid!

Die werklike karakter van die mens se sug na goddelike mag wys in dit wat mense met God self doen. In Openbaring 13 vers 6 wys Johannes dat die passie om hierdie mag te wil hê laster God self, God se Naam, God se woonplek en hulle wat in God se woonplek, die hemel is.

Hierdie passie vir menslike goddelikheid kan ons amper nie meer raaksien nie omdat dit vandag met die sluier van wetenskaplikheid as waarheid voorgehou word, sonder dat die bedoeling van hierdie valse wetenskap openlik verklaar word.

Christus is ons Begin en Einde, ons Eerste en Laaste, geen mens nie

Mense laster teen God self, dit is sy bestaan as God; sy Naam, dit is sy Persoon as God in sy almagtigheid, goedheid, barmhartigheid, liefde, sy alwetendheid, alomteenwoordigheid; sy woonplek, dit is sy totaal andersheid as mense; en die mense wat met Hom is, dit is dat mense aan God behoort en Hy hulle altyd vir Hom as God behoue laat bly.

Die laster is dat mense wat God se eer en mag wil hê, sy bestaan as God, sy Persoon as God, sy gans andersheid en sy besitreg op mense totaal ontken, asof die wetenskap wys dat God nie bestaan nie en nie is wie Hy is nie.

Want Hy mag nie bestaan nie, nie wees wie Hy is nie, nie totaal anders as mense wees nie en mense mag nie aan Hom behoort nie, want dit is hoe hulle vir, met en tussen mense wil wees.

Die mag van boosheid kan net 'n mag wees in die afwesigheid van God self. Daarom laster mense God weg uit sy skepping uit.

8. Menslike goddelikheid is menslike dierlikheid. Menslike boosheid se mag is die dood!

Om ander mense met die vrees van die dood gevange te neem en met die mag om dood te maak mense wat voor hulle driftigheid staan om hul sondigheid as hul ware menslikheid uit te leef, te vernietig.

Die mag om dood te maak gee hulle die gevoel dat hulle is die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde, die Eerste en die Laaste, vir hulle self en alle ander mense.

Dit is net deur ander mense bevange te maak, op beslag te lê, gevange te neem en dood te maak, dat hulle in hulself en vir ander mense hierdie mag kan wees: Ek is vir jou die Eerste en die Laaste, Ek is jou begin en einde.

Dit is hoe die wêreld boosheid aanbid. Die aanbidding van boosheid is die geloof en erkenning dat mense met brute mag is my begin en my einde, hulle is altyd die eerste en laaste mens in my lewe.

Hierdie mag van mense oor mense: ek is jou Begin en einde, die eerste en laaste mens in jou lewe, kan net afgedwing word met die mag van brute dierlikheid, om mense en hul menslikheid te verniel, te verskeur en te verslind.

Dit is die werklike mag van boosheid en die Bose: mense wat die heerserskroon dra – ek is jou begin en einde, ek is die eerste en laaste mens in jou lewe -deur jou menslikheid te verniel en dood te maak.

9. Waar sien ons die mag van hierdie boosheid, menslike dierlikheid ?

Christus is ons Begin en Einde, ons Eerste en Laaste, geen mens nie

Hierdie boosheid sien jy nooit in hekse en towery, dolosse en mutie, Satanisme en bose geeste nie. Hierdie werklik mag van boosheid en die Bose is sigbaar in openbare gesag en gesagbekteers.

Hierdie mag van boosheid is ouers wat hul kinders van die kerk en God vervreem in die geloof en houding: Ek is die begin en einde van my kinders, die eerste en laaste persoon in hul lewe, nie God nie. Dit is die werklike drif wat kinders kerklose en godlose kinders maak.

Hierdie mag van boosheid is die mag waarin geliefdes mekaar opeis met die houding: ek is jou begin en einde, die eerste en laaste persoon in jou lewe. Boosheid wat mense van eie familie vervreem! Dit is om 'n geliefde met 'n liefde te omhels wat al die ander verhoudings en persone in sy of haar lewe verdring en laat dood gaan.

Hierdie mag van boosheid is die mag waarin werkgewers hul werknemers opeis: Ek is jou begin van die dag en jou einde van die dag, ek is die eerste belang en die laaste belang van jou lewe. Hierdie drif vervreem mense van God en sy kerk want waar God en sy kerk is, kan daar nie werksverhouding wees nie.

Hierdie mag van boosheid is die mag waarin die regering die land en burgers opeis: ons is die begin en einde van julle lewe, julle werk, julle eiendom, julle taal en kultuur. Ons is die Eerste en die Laaste van alles wat julle is en sal wees.

10. Werklike menslike dierlikheid: verminkte mense!

Dit is hierdie mag van boosheid wat mense werklik diep vermink en hul in hul menswees skend, nie dolosse, mutie, of Boeddha-beeltjies nie. Want om met jou hele hart, siel, verstand en al jou krag te moet leef vir 'n ander mens wat vir jou jou begin en einde is, wat vir jou altyd jou eerste en laaste moet wees, vermink jou.

Want jy moet alles wees wat hulle in hul sondige drifte wil wees. Jy moet hulle hul sondige in en deur jou laat bevredig. So is hulle vir jou niks anders as 'n mens wat verskeur en verslind met die dierlikheid van 'n luiperd, 'n leeu en 'n beer, nie.

Hoe jy deur God gemaak is, waarvoor jy deur God bestem is, wie God jou laat wees en waarvoor God jou gebruik, word deur hierdie mag van boosheid verniel.

11. Hoekom die diep drif teen die Here se kerk? Hoekom is dit die natuurlike instink van hierdie mag om teen die kerk oorlog te maak?

Die woord in hierdie vertaling gebruik word vir hulle wat aan die Here behoort, is "gelowiges". Dit is egter nie die Griekse woord en betekenis nie. In die Grieks staan daar "heiliges". Daarmee word alles in een woord gesê. Want in hierdie boosheid

Christus is ons Begin en Einde, ons Eerste en Laaste, geen mens nie

mag almal gelowiges wees, almal kan glo net wat hulle wil, maar daar mag nie mense wees wat heilig is nie. Toets maar elke mens se instinktiewe weersin daarin dat ander mense vir God heilig is.

Jy mag enige iets glo, maar jy mag nie heilig wees nie. Goddelik ja, maar nie as mens vir God heilig nie.

Hoe is ons heilig?

Vers 8 stel dit duidelik! Ons name is geskryf in die boek van die Lam wat geslag is. Ons name is geskryf in die boek van die lewe omdat die Here vir ons sondes geoffer is. Hy het al ons sondes betaal en ons met sy sondeoffer, sy lewe wat Hy vir ons as offer gegee het, gekoop. Hy het ons gewas in sy bloed sodat ons vir Hom heilig is. Ons wie sy name in die boek geskryf is van die Lam wat geslag is vir ons sondes – is God se heiliges. Ons behoort met ons hele hart, siel, verstand en al ons krag aan die Here en ons aanbid Jesus Christus, nie die brute mag van ons sondige drif nie.

Vir ons is Christus ons Eerste en Laaste, ons Begin en Einde, nie enige magtige wêreldleier nie. Daarom moet hulle ons verdag maak, bespotlik maak, aanval, verkleineer, en met die wetlike magte van boosheid bestry. Want ons vernietig hulle magsbasis oor mense.

Ons wil nie erken en verheerlik nie menslik dierlikheid as goddelik mag nie!

12. Die woord wat Christus se mag oor hierdie werklike menslike boosheid in hierdie werklike wêreld as die Lam wat vir ons geslag is en die Leeu uit die stam van Juda vir goddeloses, saamvat is die woord “toegelaat” in vers 5 en 7. Vers 7 lees in die Grieks “Hy is toegelaat om teen die heiliges oorlog te voer en hulle te oorwin.”

Christus laat toe dat ons verniel word deur die mag van werklik boosheid. Hierdie woord laat ons dadelik die Here sien as ’n onbetrokke en afsydige Here wat ons uitlewer aan die mag van die Bose. Dit maak dat Hy daardeur eintlik die magtelose God is wat die bese van hom maak.

Wat laat die Here toe?

Dit sien ons in die Here se versoeking. Die Duiwel bied Hom die mag van die koninkryke van die wêreld aan! Wat is fout met hierdie aanbod? Wie se koninkryke is dit? Dit is die Here sin. Hy probeer die Here versoek deur Hom sy eie eiendom aan te bied.

Dit is soos om by ’n padstalletjie jou eie avos en neute te moet gaan koop! Die hele padstalletjiebedryf is in hierdie opsig ’n totale leuen. Dit is ’n valse ekonomie wat eintlik niks anders is as openbare diefstal nie.

Christus is ons Begin en Einde, ons Eerste en Laaste, geen mens nie

Hoekom laat die boere dit toe? Hoekom dra hulle hierdie skade en begin hulle nie 'n oorlog teen hierdie leuen ekonomie nie? Want boere en hul seuns is met die regte bedryf besig en het nie tyd vir hierdie oorlog nie. Hulle tyd is vir produksie. Geen boer sal sy seun aanhits om oorlog teen die padstalletjies te begin voer nie. In teendeel, hulle fokus hul seuns op dit wat regtig van belang is – die boerdery en sit al hul krag in in dit wat belangrik is. Daarom laat hulle toe dat hierdie steel-ekonomie langs hulle plase voortgaan en dra hulle die skade.

13. Dit is wat die Lam met ons doen!

Hy was ons met sy bloed om met die regte aanbidding van God besig te wees. Ons is die heiliges van sy heilige algemene Christelike kerk. Hy bevry ons van die mag van die dood deur vir ons die Eerste en Laaste te wees, die begin en einde sodat geen dood deur enige goddelose ooit ons einde en laaste is nie.

Ons is besig om God te dien en te verheerlik met wie ons ewig sal lewe – daarom maak ons nie oorlog teen die Bose nie, al maak hulle oorlog teen ons. Want hulle hele bestaan is 'n leuen.

Ons leef die lewe waarvoor ons bestem is met God, en dra die skade van hulle wat ons nie hierdie lewe op hierdie aarde gun nie.

Dit is volharding!

Christus is ons Eerste en Laaste, ons begin en einde, ons het die boosheid oorwin: geen mens is ons eerste en laaste, ons begin en einde nie.

Kom ons begin boosheid sien vir wat boosheid is!

.

Christus is ons Begin en Einde, ons Eerste en Laaste, geen mens nie

Die mag van die Bose, die duiwel.

- Die dier uit die see lyk soos die diere om die troon van die Lam, maar is nie diere nie. Hier gaan dit om 'n mens wat dierlik is. Nie oor die skepping nie.
- Die dierlikheid van die mens gaan oor sy mag om met geweld mense te kan verniel, verskeur en ellendig te maak.
- Die verskillende diere vorm een magsbeeld van dierlikheid – hier verwys dit na Rome.
- Gaan oor die aanbidding van brute mag om sondige drif te laat geld en met geweld af te dwing op mense.
- Die dier uit see verskyn deeltjie vir deeltjie (Jan du Rand) eers horings, dan kop met krone en dan die hele monster self. (Daniël 7:3) See as simbool van chaos en bedreiging.
- Tien horings: konings, omvattende heersersmag. Sewe krone absolute mag van keisers as persone.
- Godslasterlike name: titels van keisers: heer, redder, seun van god, ons heer en god. gee goddelike mag en krag voor om oor mense te heers.
- Duiwel gee mag, troon en gesag asof hy God is – gee mag van bese!
- Herstel van wond is nabootsing van Christus as Here se mag oor die dood. dit is die bese se mag van onsterflikheid.
- Konings wat mekaar opvolg om mag in stand te hou.
- Mense verwonders oor mag van bese nes hulle oor Christus se mag om wonderwerke te doen wonderd was.
- van verwondering tot lojaliteit en aanbidding, daaglikse aanbidding van keiser.
- Net soos god! sy mag kan nie 'n gelyke hê nie.
- Mag is deur Christus verleen, nie die duiwel nie. van grootpraat tot lasterlik praat teen God self, God se persoon en God se woonplek;
- Oorwin gelowiges: maar gelowiges oorwin in geloof: geen aanbidding van mag van bese nie.
-